

Dra asb die sake vir Voorbidding aan die Here op:

- Bid asb vir vennootskappe met ander gemeentes dat hulle ook die Stranddiens-uitreik kan meemaak.
- DANKIE vir goeie reënval regoor die provinsie met damme wat oorloop.
- Bid asb vir 'n dieper roepings-bewustheid by elke lidmaat om deur diensbaarheid in hul onmiddellike omgewing 'n verskil te maak.
- Bid asb vir die Belydenisklas van 2020 wat tans besig is met afronding.
- [CREMHOG](#), [Badisa](#), [VGK sopkombuis](#), [CREDO](#) en ander organisasies se bediening aan mense in nood. Klik op die onderskeie skakels om meer oor die bedieninge te lees.

INcontext:

ONS BID VIR AFGANISTAN

Liewe gebedsvriende

Ongeveer 15 mense is dood en meer as 40 beseer, toe 'n selfmoord-motorbom Saterdag, 3 Oktober, in die oostelike Afgaanse provinsie Nangarhar ontplof het. Die bom is by die ingang van die distrikshoofkwartier, wat die teiken van die bom was, geaktiveer. Verskeie gewapende aanvallers het die gebou probeer binnegaan, maar is deur veiligheidsmagte doodgeskiet. Daar was geen onmiddellike aanspraak op verantwoordelikheid vir die aanval nie.

Die hele jaar voer die Islamitiese Staat (IS) en die Taliban reeds aanvalle op die Afgaanse regering, nasionale veiligheid en



vir

AFGANISTAN



7 Okt.
2020

Vir 'n
deurbraak in
die vredes-
onder-
handelinge

Dat die Here
sy Koninkryk
sal uitbrei

Dat die Here
die gelowiges
sal beskerm,
versterk en
bemoedig



Terreur-aanvalle duur voort
terwyl vredesonderhandelinge tussen die regering en verteenwoordigers van die Taliban in Doha voortgaan.

weermagde uit, waarin burgerlikes ook dood is. Die mees onlangse aanval het plaasgevind terwyl afgevaardigdes van onderskeidelik die Afgaanse regering en die Taliban in Doha in vredesonderhandelinge gewikkel is om 'n einde aan die oorlogvoering te bring. Dié gesprekvoering is oorspronklik vir Maart beplan nadat die Amerika-Taliban-ooreenkoms in Februarie gesluit is. Ingevolge dié ooreenkoms moes die Afgaanse regering 5,000 Taliban-gevangenes vrylaat, in ruil vir die vrylating van 1,000 Afgaanse soldate – hierdie proses het die onderhandelingsvertraag, sodat dit eers op 12 September in alle erns kon begin.

Die Taliban beywer hom vir 'n godsdienststelsel in die Afgaanse samelewing en regering wat meer op Islam gebaseer is, wat sal vereis dat godsdienstleiers 'n groter rol in beleidsformulering en wetgewing moet speel; verder dat godsdienstonderrig nog meer bevorder word. Afganistan se grondwet onderskryf egter reeds 'n Islamitiese regstelsel – die huidige regering glo dat dit voldoende is. Hulle deelname aan die vredesonderhandelinge is toegespits op die bewaring van die vooruitgang wat die afgelope twintig jaar gemaak is, met inbegrip van vroueregte, vryheid van spraak en 'n demokratiese verkiesingstelsel. Om vrede te bewerkstellig, sal versoening tussen dié twee perspektiewe egter moet plaasvind, sowel as 'n ooreenkoms oor hoe die Islamitiese regering daar sal uitsien.

Afganistan het 'n bevolking van ongeveer 37 miljoen mense, waarvan slegs ongeveer 0,1% belydende Christene is. Amptelik is daar geen Afgaanse Christene nie.

Die paar Afgane wat hul geloof in Jesus beoefen, doen dit uit vrees vir vervolging in die geheim, deur 'ondergrondse' kerke by te woon. Tydens die voortslepende oorlog

het die regering hulle op die Taliban toegespits, wat die vervolging van die Afgaanse Kerk laat afneem het. Sodra vrede met die Taliban gesluit word, kan die toekomstige Afgaanse regering lede van die Taliban insluit. Gevolglik kan dit beteken dat die fokus dan weer op die Kerk gerig sal wees en vervolging kan toeneem en selfs erger as tevore kan wees.

'n Kontakpersoon van INcontext berig dat vervolging deur sowel die regering as die Taliban reeds aan't toeneem is en dat hulle deur amptenare ondervra word. Hoewel dit nie aangenaam is om sulke berigte te verneem nie, het die geskiedenis bewys dat 'n toename in vervolging tot kerkgroei kan lei.

Bid asseblief saam met ons vir 'n blywende deurbraak in die voortslepende konflik en vir ons familie in Afganistan.

*“Mense kan ons pleidooie verag,
ons boodskap verwerp,
ons argumente teëstaan,
ons as mens minag,
maar teenoor ons gebede
staan hulle hulpeloos.”*

(J. Sidlow Baxter)